**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We are honest.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2020: JAAR VAN DIENS-UITNEMENDHEID!

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 25 FEBRUARIE 2020 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | | |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. AA van Wyk | [DA] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdl. D de Bruin | [ANC] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. FM Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. AC Koch | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

AKSIE

**RVN001/02/2020**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die Raadsvergadering, waarna Apostel Lintnaar die vergadering open met 'n kort boodskap en gebed.

***

**RVN002/02/2020**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Rdl. IS Adams – siekverlof
Rdl. A Small – siekverlof
Interne Ouditeur – kraamverlof

***

**RVN003/02/2020**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/02/2020**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 21 JANUARIE 2020**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering gehou op Dinsdag 21 Januarie 2020 bekragtig word.

***SENIOR TIKSTER***
***(J. ROSENBERG)***

***

**RVN005/02/2020**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 21 JANUARIE 2020**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in, waarop die Munisipale Bestuurder aan die Raad deurgee dat die besluite in die praktyk en op die stelsel voltooi is.

Die Voorsitter bedank die administrasie vir die verslag.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN006/02/2020**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/02/2020**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

A. Die Speaker doen die volgende mededelings:

LIEF

- Dat Mnr. JWA Kotzee (Direkteur Korporatiewe Dienste) op 16 Maart 2020 verjaar en wens hom geluk en voorspoed toe; en
- Hy bedank die Begrotingsloodskomitee vir die werk wat gedoen is met die finalisering en aanbeveling van die Aansuiweringsbegroting vir 2019/2020.

**KENNIS GENEEM**

B. Die Uitvoerende Burgemeester doen die volgende mededelings:

- Dat 'n student in Porterville oorlede is en simpatiseer met die familie; en
- Dat Raadsheer De Vries vandag verjaar en wens hom geluk en voorspoed toe.

**KENNIS GENEEM**

C. Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Sy wens Raadsheer De Vries geluk en voorspoed toe met sy verjaarsdag.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/02/2020**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN009/02/2020**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/02/2020**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE SPEAKER: RAPPORTERING AAN DIE RAAD IN TERME VAN ITEM 13(1)(c) EN ITEM 13(2) VAN DIE GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE SOOS VERVAT IN SKEDULE 1 VAN DIE PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STELSELSWET, 2000 (WET 32 VAN 2000)**
**3/4/7**

Die Speaker gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die kwessie in terme van Item 13(1)(c) en van die feit dat Item 13(1)(a) en 13(1)(b) reeds afgehandel is, soos vereis deur Skedule 1 van die Stelselswet; en
2. Dat die aangeleentheid verwys word na die Spesiale Komitee van die Raad, soos saamgestel deur die Raad vir ondersoek/bevinding en daarna ‘n aanbeveling aan die Raad ten opsigte van sanksie.

***

**RVN011/02/2020**
**TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VERVREEMDING VAN ERF 60, EENDEKUIL VANAF WES-KAAPSE REGERING NA BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**7/2/1; E.60**

Raadslid Daniels gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

1. Dat eienaarskap van Erf 60, Eendekuil by Wes-Kaapse Regering deur Bergrivier Munisipaliteit oorgeneem word;
2. Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die nodige handelinge te verrig wat verlang word om die erf in Bergrivier Munisipaliteit se naam te registreer;
3. Dat die toekomstige toegang tot die erf ondersoek word; en
4. Dat die gebruik van die erf terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voor oordrag.

***

**RVN012/02/2020**
**VERSOEK OM MUNISIPALE GROND ERF 1023 PORTERVILLE**
**PTV 1023**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

**FASE 1**

1. Dat Erf 1023 Porterville nie benodig word vir minimum vlak munisipale dienslewering nie; en

2. Dat toestemming verleen word aan Departement Beplanning en Omgewingsbestuur vir onderverdeling van Erf 1023 Porterville in twee gedeeltes.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

**FASE 2**

1. Dat na afhandeling van bogenoemde onderverdelingsproses, dat beide eiendomme gewaardeer word en per openbare tender vervreem word teen waardasie prys + opmeetkoste;

2. Dat die tender geadverteer word vir 30 dae;

3. Dat die koper verantwoordelik sal wees om die oordragkoste te betaal;

4. Dat, indien die voorgestelde gebruik meer as die beskikbare dienste benodig sal die koste van munisipale dienste wat addisioneel benodig word as gevolg van die voorgestelde gebruik van die grond, vir die koste van die suksesvolle tenderaar wees, en geïnstalleer en/of opgradeer word tot bevrediging van die Direktoraat Tegniese Dienste;

5. Dat Bergrivier Munisipaliteit verantwoordelik sal wees vir die uitwys van erfpenne en dat die koste vir die uitwys van erfpenne deel vorm van die insetprys; en

6. Dat die Begrotingsloodskomitee aanbeveel waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word, volgens die prioriteite en behoeftes van die munisipaliteit.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN013/02/2020**
**MUNISIPALE EIENDOM: ERWE 4472 EN 4474 PIKETBERG**
**PB 4472; 7/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die inhoud van hierdie verslag en die aanvanklike besluit as volg vervang:

2. Erf 4472 Piketberg

   (a) Dat Erf 4472, Piketberg nie benodig word vir minimum vlak dienslewering nie;

   (b) Dat die eiendom per tender vervreem kan word teen 'n billike waarde, naamlik R 3 120 000 (BTW ingesluit) soos bereken aan die hand van Munisipale Waardasie Sertifikaat en ingesluit beraamde uitgawes wat met verkoop gepaard kan gaan;

   (c) Dat, indien die perseel nie suksesvol per tender vervreem kan word nie, dit vir die tydsduur van die 2019/2020/2021 finansiële jaar deurlopend bemark kan word ooreenkomstig die Nywerheidsone 2 sonering daarvan, asook die bedrag soos in hierdie besluit bepaal;

   (d) Dat munisipale dienste wat addisioneel benodig mag word weens die voorgestelde gebruik, op Erf 4472, Piketberg, bo-en-behalwe dit wat reeds voorsien word, sal vir die rekening van die koper(s) en/of ontwikkelaar(s) wees, soos onderhandel en ooreengekom tussen die ontwikkelaar en die Munisipaliteit se Direktoraat: Tegniese Dienste deur middel van 'n Dienstevlakooreenkoms (Service Level Agreement) (SLA);

   (e) Dat die Begrotingsloodskomitee aanbeveel waarvoor fondse verkry uit die vervreemding aangewend moet word, volgens die prioriteite en behoeftes van die munisipaliteit; en

3. Erf 4474 Piketberg

   Dat Erf 4474, Piketberg nie beskikbaar gestel word nie, aangesien daar nie vir konstruksie van die toegangspad en meegaande stormwater hantering begroot is nie.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN014/02/2020**
**VERVREEMDING VAN DIE OU KLINIEK EN 4 WOONHUISE OP ERF 1339, PIKETBERG VANAF WESKUS DISTRIKSMUNISIPALITEIT NA BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**PB 1339; 7/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item in en gee kortliks agtergrond.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat Weskus Distriksmunisipaliteit in kennis gestel word dat die huurooreenkoms tussen Weskus Distriksmunisipaliteit en BADISA deur Bergrivier Munisipaliteit, ooreenkomstig die regsbeginsel *"huur gaat voor koop",* eerbiedig sal word, indien die huurooreenkoms ten tye van oordrag van Erf 1339, Piketberg reeds onderteken is. Indien die huurooreenkoms nie ten tye van oordrag onderteken is nie, sal daar ooreenkomstig Bergrivier Munisipaliteit se voorkeurverkrygingsbeleid gehandel moet word.

***BESTUURDER: BEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN015/02/2020**
**BY-LAW RELATING TO THE CONTROL OF BOATS AND BOATING ON THE BERG RIVER ESTUARY**
**17/12/8**

The Portfolio Chairperson, Councilor Daniels, gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the content of the report be noted;
2. That in terms of section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the **Bergrivier Municipality: By-law relating to the management and use of the Berg River Estuary** be amended;
3. That in terms of section 12(3)(b) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed amended **By-law relating to the control of boats and boating on the Berg river estuary** be published for public representations; and
4. That the proposed amendments **on By-law relating to the control of boats and boating on the Berg river estuary** and any representations received, be submitted to Council for consideration.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN016/02/2020**
**KONSEPBELEID INSAKE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS VAN DIE RAAD VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**2/B**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Munisipale Bestuurder bedank die Direkteur Korporatiewe Dienste en die Persoonlike Assistent (Korporatiewe Dienste) vir die goeie werk gelewer in die kort tydsraamwerk ten opsigte van die finalisering van die konsepbeleid.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Raadslede.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

1. Dat die Verordening insake Reëls vir die hou van Vergaderings herroep word;
2. Dat die voorgeskrewe prosesse gevolg word ten einde die herroeping van die Verordening insake Reëls vir die hou van vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit (soos goedgekeur en gepubliseer op 7 Junie 2013, PK7134);
3. Dat die konsepbeleid insake Reëls vir die hou van Vergaderings van die Raad van Bergrivier Munisipaliteit aanvaar word deur die Raad;

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

4. Dat die administratiewe prosesse gevolg word ten einde die implementering van die konsepbeleid; en

5. Dat die verteenwoordigers op die Bywoningskomitee soos volg is:
   **DA**
   Raadsheer A de Vries (Voorsitter)
   Raadslid J Daniels (Lid)
   Raadslid MA Wessels (Sekundi)

   **ANC**
   Raadslid IS Adams (Lid)
   Raadslid SS Lesch (Sekundi)

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN017/02/2020**
**AMENDMENT OF THE EXISTING AGREEMENT WITH HCB VALUATIONS AND SERVICES (PTY) LTD**
**5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderman Mrs. Crafford, gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That the item be referred back for approval at the next Council meeting scheduled for Tuesday, 31 March 2020.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES (31/03/2020)***

***

**RVN018/02/2020**
**REPORT ON IRREGULAR EXPENDITURE IDENTIFIED IN AUDIT DURING THE 2018/19 FINANCIAL YEAR**
**5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderman Mrs. Crafford, gave a brief summary of the item under discussion.

That the Director Financial Services monitors the fuel usage in the financial year 2019/2020 and if any misuse occurred or is suspected it must be referred to the Article 32 Committee for investigation.

Various inputs and comments were given by the Committee members.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council certifies the expenditure (for services rendered by CAB Holdings and CONLOG) in the amount of R2 784 573.00 disclosed during 2018/2019 as irregular due to the fact that there were no contracts in place to be irrecoverable and to be written off as the municipality received value for money in the rendering of the service and did not suffer any financial loss;
2. That Council certifies the expenditure (for services rendered by Oak Ridge) to the amount of R3 842 350.00 disclosed as irregular as a result of an incorrect classification of the deviation during 2018/2019 financial year to be

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

irrecoverable and to be written off as the municipality received value for money and no financial loss was suffered;

3. That Council certifies the expenditure disclosed as irregular in the amount of R5 529 235.00 in respect of Regulation 32 contracts during 2018/2019 to be irrecoverable and to be written off as value for money was received by the municipality and no financial loss was suffered;
4. That Council certifies the expenditure disclosed as irregular in the amount of R202 351.00 in respect of non-compliance with SCM Regulations during 2018/2019 to be irrecoverable and to be written off as value for money was received and no financial loss was suffered; and
5. That internal control processes be enhanced to ensure compliance with SCM regulations and to prevent a recurrence of non-compliance findings.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN019/02/2020**
**CONSIDERATION OF IRREGULAR EXPENDITURE FOR NETSTAR TRACKING SYSTEM**
**5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderman Mrs. Crafford, gave a brief summary of the item under discussion.

The Director Financial Services informed Council that the short term solution will be to use the IMIS module for Contract management, due to the fact that the contract is still valid and that the long term solution will be to go out on tender or to make use of the Phoenix system for Contract management in the municipality.

***DIRECTOR CORPORATE SERVICES***

Various inputs and comments were given by the Committee members

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That Council certifies the expenditure of the estimated amount of **R 271 731.95** as "irregular" due to the fact that there was no valid contract in place;
2. That this amount be deemed as irrecoverable and be written off as the municipality received value for money, due to the services delivered. The municipality did not suffer any financial loss;
3. That the matter be referred to the accounting officer for disciplinary investigation where applicable; and
4. That Council notes the internal control processes as part of the OPCAR process to ensure future compliance.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN020/02/2020**
**TERUG VERWYS DEUR DIE RAAD SE ARTIKEL 32 KOMITEE: ONINBARE BTW**
**5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsdame Crafford gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die volgende bedrae deur die Raad as oninvorderbaar afgeskryf word:

R544, 656.53 inset BTW welke eise nie deur SARS uitbetaal was nie vanweë die nie voldoening aan BTW faktuur vereistes soos op 30 Junie 2014 en wat nou ouer as 5 jaar is.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN021/02/2020**
**3rd ADJUSTMENT BUDGET 2019-2020**
**5/1/1**
***(The report was tabled at the meeting as previously distributed electronically – Annexure C)***

The Executive Mayor gave a brief summary of the item under discussion afterwards the Deputy Mayor, Alderman Mrs. Crafford, gave additional information with regards to the item under discussion.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council**

**RESOLUTIONS**

1. That the mid-year (third) annual adjustments budget of Bergrivier Municipality for the financial year 2019/2020, be approved:
   i. Table B2: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by standard classification);
   ii. Table B3: Adjustments Budget Financial Performance (expenditure by municipal vote);
   iii. Table B4: Adjustments Budget Financial Performance (revenue by source);
   iv. Table B5: Adjustments Budget Capital Expenditure for both multi-year and single year by vote, standard classification and funding;
   v. Table B6: Budgeted Financial Position;
   vi. Table B7: Budgeted Cash Flow;
   vii. Table B8: Cash backed reserves/Accumulated surplus reconciliation;
   viii. Table B9: Asset Management;
   ix. Table B10: Basic service delivery measurement;
   x. Supporting Tables SB1 – SB 20;
2. That the adjustments budget be submitted to the authorities and in the format as required by law; and
3. That the position of Receptionist/Telephonist (PB) in the Corporate Service Directorate be funded.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN022/02/2020**
**<u>MUNISIPALE AFBAKENINGSRAAD: AFBAKENING VAN WYKE EN STEMDISTRIKTE TER VOORBEREIDING VAN DIE 2021 PLAASLIKE VERKIESING</u>**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentare word gelewer deur die Raadslede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad opsie 1, ten opsigte van die voorgestelde afbakening van wyke en stemdistrikte in die Bergrivier Munisipale gebied aanvaar.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**RVN023/02/2020**
**<u>MOSIES/VRAE: EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEE</u>**
**15/1/5/11**

Die Munisipale Bestuurder gee kortliks agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die item oorstaan hangende die gesprekke met Bergrivier Toerisme Organisasie wat gefasiliteer sal word deur die Bestuurder: Strategiese Dienste.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**RVN024/02/2020**
**<u>AMENDMENT OF THE 2019/20 SERVICE DELIVERY BUDGET IMPLEMENTATION PLAN (SDBIP) IN TERMS OF SECTION 54 (1) (C) OF THE MUNICIPAL FINANCE MANAGEMENT ACT (ACT 56 OF 2003)</u>**
***(The report was tabled at the meeting as previously distributed electronically – Annexure D)***

The Municipal Manager gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That the amended 2019/20 SDBIP attached as **Annexure A** and **Annexure B** (in the report) be approved in terms of Section 54(1)(c)of the Municipal Finance Management Act, 2003 (Act 56 of 2003) (MFMA).

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**RVN025/02/2020**
**<u>MAANDVERSLAG: PMU & BUILDING CONTROL: JANUARY 2020</u>**
**9/1/2**

The Portfolio Chairperson, Councillor Wessels, gave a brief summary of the item under discussion.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLUTION</u>**

That Council notes the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects.

***MANAGER: PROJECTS AND BUILDING CONTROL***

***

**RVN026/02/2020**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: NOVEMBER AND DECEMBER 2019**
**5/1/B, 5/1/1**

The Portfolio Chairperson, Alderman Mrs. Crafford, gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for November and December 2019.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN027/02/2020**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR NOVEMBER AND DECEMBER 2019**

The Portfolio Chairperson, Alderman Mrs. Crafford, gave a brief summary of the item under discussion.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council**

**RESOLUTION**

The Council notes the report on the implementation of the Supply Chain Management Policy, and that should the contents of the report be acceptable, they be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN028/02/2020**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DINSDAG 26 NOVEMBER 2019**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Dinsdag 26 November 2019, soos voorgelê.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN029/02/2020**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING: DONDERDAG 12 DESEMBER 2019**
**3/2/1/3**

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar**

**BESLUIT**

Dat die Raad kennis neem van die besluite van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se vergadering gehou op Donderdag 12 Desember 2019, soos voorgelê.

***SENIOR TIKSTER (JM ROSENBERG)***

***

**RVN030/02/2020**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN031/02/2020**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN032/02/2020**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:00***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ___________________ | ___________________ |
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***